

**17 Julie**

**Stel eerbied vir die Here voorop**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21-33**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:21**

Die geheim van 'n gebalanseerde verhouding tussen mense lê in hierdie vers opgesluit, naamlik eerbied (vrees) vir die Here. Stel jou 'n driehoek voor en skryf "God" by die boonste hoek, "man" links onder en "vrou" regs onder. Eerbied vir God word grafies voorgestel wanneer die man en vrou nader aan God skuif op hulle sye van die driehoek. Wat gebeur met die afstand tussen die man en vrou op die horisontale sy van die driehoek? Dit word al korter! Sou net die man of vrou nader aan God skuif, word die afstand tussen man en vrou groter!

So belooft God aan huweliksmaats, asook aan ouers en kinders, dat hulle verhouding hegte sal wees indien hulle aan Hom eerbied toon. Nie sondige heerskappy oor die ander nie. Ook nie opstandigheid teen gesag nie. Hoe meer ons aan die wil van die Here gehoorsaam is, hoe beter sal ons mekaar verstaan. Dit lei tot 'n gesagsverhouding wat vry maak en nie onderdruk nie.

In 5:17 word beveel: "Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen." Waar saam besin word oor 'n huwelik, of gesinsake, of oor die oplossing van konflik, vind partye mekaar wanneer albei eerbied vir die Here voorop stel.

God verlos ons uit genade van selfsug, heerssug en 'n sondige vryheidsdrang. Mag Hy julle vandag seën wanneer julle gehoorsaam is aan sy opdrag: "Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig."

*Sing: Psalm 100:1-4 (1936-beryming)*

*Dr. Callie Opperman (Windhoek-Suid)*